# Kanonkop

## Dierekliniek / Animal Clinic

Illustrasies en uitleg * Linys * 0817556459

OP REIS MET NOODHULP






# INHOUDSOPGAWE




Inligtingstabel ... bl. 2
Algemeen ... bl. 4
Hipertermie (koors) ... bl. 5
Hipotermie (kouekoors) ... bl. 5
Erge bloeding ... bl. 6
Wonde ... bl. 6
Snoetmasker ... bl. 7
Verbinding van wonde ... bl. 7
'n Gebreekte been ... bl. 10
Oogwonde ... bl. 11
Insekssteek en/of -byte ... bl. 11
Koors en/of pyn ... bl. 11
Disprin vir my woef ... bl. 12
Braking ... bl. 13







| | | | |
|---|---|---|---|
| Algemeen | **Gereedskap:** | | |
| | Termometer | Temperatuur | Verwys na boekie se inhoud. |
| | Reddingskombers | Hipotermie | |
| | Tang & skêr | Skoonmaak | |
| | Glipleiband | Beheer/aggressie | |
| | Rubberhandskoene | Beskerming/higiëne | |
| Pote | Klapperolie/ | Kalmerend & strelend | Gebruik soos nodig. |
| | Silbecor ingesluit/ | | |
| | Milking Cream | | |
| Insekte | Shoofly Ointment* | Beskerming | |
| | Allergex pille in mond | Allergiese reaksies teen | 0.5mg/kg elke 12 ure |
| | (4mg/pil) | inseksteek- en byte. | (1pil per 8kg). |
| Medikasie | **Pyn en koors** | Disprin (cardiocare) | 10-25mg/kg elke 12 ure |
| | | Paracetamol | 15mg/kg elke 12 ure |
| | | | |
| | **Angstigheid** | Calmeze* | |
| | | Pet Remedy Spray* | |

**My woef se dosis:**


* *Voorgestelde produk. Beskikbaar by vearts.*



| | | | |
|---|---|---|---|
| Medikasie | **Diarree** | Pectrolyte | Help vir diaree en |
| | **Dehidrasie** | | maagkrampe: 1ml/kg |
| | | | |
| | **Braking** | Clopamon (5mg tabs)* | 0.2-0.5mg/kg elke 6 ure |
| | | | Beskikbaar by veearts. |
| Mediese geval | **Beenfraktuur** | Watte | Volg instruksies in boekie. |
| | | Spalk | |
| | | Crêpe verband | |
| | | Elastoplast | |
| | **Wonde** | 20-50ml spuite | Volg instruksies in boekie. |
| | | Gaas deppers | |
| | | Chloramex | |
| | | Water en verskeiden-heid verbande | |
| | **Gif (gesien ingeneem)** | Wasgoedpoeier | Volg instruksies in boekie. |
| | **Hipertermie (hitte-uitputting)** | Water<br>Alkohol | Volg instruksies in boekie. |



**My woef se dosis:**



** Voorgestelde produk. Beskikbaar by vearts.*

**Algemeen**

Hierdie boekie en noodhulptas is saamgestel met die doel om jou troeteldier se ongemak te verminder totdat julle by ‘n veearts kan uitkom.

Dieremedikasie is baie afhanklik van jou troeteldier se gewig. Sommige medikasie kan, indien jy oordoseer, vir jou troeteldier skadelik wees. Maak altyd seker dat jy die aanwysings volg.

*Moet nooit jou woef se gewig raai nie!*

Die meeste van die items in hierdie sak het elk hul eie spesifikasies op die houer, maar vir spesiale omstandighede sluit ons 'n paar riglyne hieronder in.

*My woef se gewig...* .............................. *kg*

*Normale temperatuur vir honde is 37.5 – 39.2°C*

'n Normale temperatuur behoort tussen 37.5 en 39,2°C te wees; 39.5°C word gevolglik as koors beskou, maar dit is belangrik om altyd die omstandighede in ag te neem. Wanneer ‘n hond in die kar gery het, sal sy temperatuur vir ‘n rukkie hoog wees, maar dit sal herstel en is dus nie koors nie. Beide ‘n hoë sowel as a lae temperatuur is baie gevaarlik.

**Vir koors – sien die medikasietabel.**

**Hipertermie (39.5°C en hoër)**

As die hond se temperatuur baie hoog is (gepaardgaande met vinnige asemhaling) en die hond kom deurmekaar voor, is dit moontlik hipertermie. Dit is ‘n lewensgevaarlike toestand en benodig dadelik veeartshulp.



***Dinge wat jy kan doen:***

1. *Maak die hond deeglik, tot op die vel, nat.*
2. *Rig ‘n waaier/bewegende lug op die hond.*
3. *‘n Ontsmettingsmiddel wat alkohol bevat kan op die maag en aan die binnekant van die bene aangewend word – dit sal help om die hond se temperatuur vinniger te verlaag.*

**Hipotermie**

As jou hond se temperatuur onder 37°C val terwyl hy/sy opsigtelik bewe, kan die silwer reddingskombers gebruik word om die oorblywende liggaamshitte behou – veral wanneer die temperatuur nie vinnig verbeter nie.

Indien die hond nog bewus is van wat om hom/haar aangaan, gee hom/haar warm water, wat sal help om die temperatuur te verbeter, om te drink. Moet nooit enige vloeistof in ‘n bewustelose hond se bek sit nie.

**Erge bloeding**

Druk sal help om bloeding te verminder, maar moenie dit oordoen nie. Maak seker dat jy bloedsirkulasie na die been/wondarea nie afsny nie.


*Matige/bestendige druk op 'n bloeiende wond is voldoende totdat jy dit verbind kan kry.*

**Wonde**

Wonde by honde is 'n komplekse saak. Die meeste wonde sal een of ander tyd deur 'n veearts behandel moet word, veral as die vel geskeur is. Infeksie kan 'n veel erger probleem as die aanvanklike wond tot gevolg hê.



Wees altyd baie versigtig om nie gebyt te word nie. Selfs al sou jou hond jou nooit vantevore gebyt het nie, kan jou hond in 'n situasie waar hy/sy seergekry het (dus eintlik a.g.v. pyn, vrees en adrenalien) vinnig en buite sy normale aard reageer.




**Snoetmasker**

Indien jy 'n situasie het waar jou hond skielik baie aggressief is, kan jy die crêpe-verband in jou noodhulpsak as 'n snoetmasker gebruik. Bind die verband aan die bokant van die snoet vas, trek dit vas en bind weer aan die onderkant. Bring die res van die verband om die ore en bind agter die ore. Maak seker dat jy dit baie stewig doen.

**Verbinding van wonde**

Indien die wond met grond, gras of ander vreemde materiaal bedek is, gebruik water/-soutwater om die ergste weg te was. Die 20 ml-spuit kan as 'n tipe 'drukspuit' aangewend word om enige vuilheid of hare weg te spuit. Soutwater is 'n baie goeie antibakteriese oplossing om in hierdie geval te gebruik. Moenie probeer om enige los vel/weefsel weg te sny nie. Indien dit 'n oppervlakkige wond is, sal Terramycin-wondsproei voldoende behandeling vir die wond bied.

*Indien die wond vloei of erg bloei, kan watte bo-op die gaaslagie geplaas word.*


'n Diep- of bloeiende wond moet verbind word. Smeer 'n ruim hoeveelheid van die Silbecor-room op die gaasdeppers wat voorsien is en plaas dit met die roomkant na onder op die wond. Maak seker dat die hele wondarea met een lagie bedek is.


Draai dan die area met die crêpe-verband toe. Indien die wond op 'n been is, is dit die beste om die verband van die poot af na bo toe te draai. Moet nooit die verband styf trek terwyl jy werk nie, want dit sal bloedvloei beperk. Pas slegs sagte druk toe. Wend die fleksie-verband laaste aan om die res van die verband te anker.

*Sluit altyd die poot by die verbinding van die beenwond in.*

# WONDE


Skoonmaak van die wond.
1


2
Aansit van salf met
'n gaasdepper.



Plaas watta bo-op die gaaslagie
indien die wond vloei of erg bloei.
3


Sluit altyd die poot by
die verbinding van
die beenwond in.
4
Draai die wond-area met die crêpe-verband toe.

# Gebreekte Been

**‘n Gebreekte been**

Wanneer dit duidelik sigbaar is dat jou hond se been gebreek is, kan stabilisering 'n bietjie pyn verlig én verdere besering voorkom. **Dieselfde reëls as by bogenoemde beskrywing vir die verbinding van ‘n wond geld.** Onthou: moenie die ledemaat té styf verbind nie, maar net styf genoeg om die been stabiel te hou. Plaas watte tussen die been en die spalk, verbind daarna met die crêpe-verband, gevolg deur die fleksieverband. Sluit altyd die poot by dié verbinding in.




**Oogwonde**

Enige oogwond, selfs oppervlakkig, kan, indien dit nie behoorlik behandel word nie, ernstige skade tot gevolg hê. Chloramex-oogsalf kan broodnodige verligting bied, maar maak seker dat jy so gou moontlik by ‘n veearts uitkom!

**Inseksteek en/of -byte**

Vir diere wat allergies is vir inseksteek/-byte kan 'n antihistamien gegee word sodat jy genoeg tyd het om by die naaste veearts uit te kom. Allergex-tablette (wat ingesluit is) moet teen 0,5 mg/kg toegedien word.



**Koors en/of pyn**

Disprin en doodgewone Parasetamol kan doeltreffend gebruik word vir die hantering van koors en pyn, maar albei is baie gevaarlik as dit teen 'n té hoë dosis gegee word. Wees seker van jou honde se gewig!


**Disprin moet nooit aan 'n kat gegee word nie!**

Disprin cardiocare is 'n 100 mg-tablet, waarvan die maksimumdosis een tablet per 5kg-hondjie is; m.a.w. 20mg per kg.


*Die hoeveelheid Disprin vir my woef:* ..................................

'n Normale Disprin is genoeg vir 'n hond van 30 kg (die laagste dosis) en ‘n hond van 15 kg (hoogste dosis).

Parasetamol word teen 15mg per kg van die dier se liggaamsgewig toegedien. Vir 'n 30kg-hond is 'n 500mg- tablet perfek!



*Goeie idee: Vra jou veearts vir 'n hond-veilige -pynmedikasie wat jy in jou noodsak kan hou! Jou veearts sal die hondjie moet sien, maar ten minste is jou troeteldier se veiligheid dan gewaarborg!*



**Braking**

Clopomon-tablette help vir braking en is by jou vearts beskikbaar. Dit word toegedien teen 'n maksimum dosis van 0,5 mg per kg liggaamsgewig. Een 5mg-tablet elke 6 uur is voldoende vir 'n hondjie van 10 kg.

*As jou hond ook diarree het, kan dit gebeur dat die Clopomon die diarree vererger; maak seker dat jy ook Pectrolyte gee!*

Met braking en diarree (nie veroorsaak deur gif of trauma nie) is die onmiddellikste bekommernis (veral by jong of klein troeteldiere) dehidrasie.

Dien water stadig aan die kant van die mond toe en maak seker dat jou troeteldier wel kan sluk. Moet nooit water aan 'n troeteldier gee wat lê/nie kan sluk nie. Jy wil nie hê dit moet in die longe beland nie!

Rehydrat of Energade kan ook 'n paar waardevolle elektroliete byvoeg totdat jy by jou veearts kan uitkom!

# Kanonkop
## Dierekliniek / Animal Clinic

***Landlyn: 013 282 8710* ⋆ *Noodlyn 083 230 1456***

Protea straat nr. 36, Kanonkop, Middelburg, 1055, Suid Afrika

**Ons dienste sluit die volgende in:**

Sterilisasies en kastrasies

Inentings ⋆ Konsultasies

Noodsorg ⋆ Roetine gesondheidsorg

Bloedtoetse ⋆ Digitale x-strale

Ultraklank ⋆ Endoskopie


**Toegewyde veeartse vir konsultasies en inentings is beskikbaar:**


Gedurende die week vanaf 8:00 tot 13:00 en weer vanaf 15:00 tot 18:00.


Saterdae vanaf 9:00 tot 11:00 * Sondae vanaf 11:00 tot 12:00 * Publieke vakansiedae vanaf 9:00 tot 11:00

Vir noodgevalle buite hierdie ure kontak asseblief ons noodnommer: 083 230 1456

# Notas:







# Notas:

